

https://dspace.org/

Die Afrikaanse volkswetenskap

Hudson, Charles William

2015-02-06
http://hdl.handle.net/10539/16902

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

sy stelling bewaarheid. Die vroeë koloniste het gesê: „die tafel word gedek", as 'n wit wolk laag oor die berg gehang het. Vandaar is die berg se naam Tafelberg.[1]

Die Nederlandse Volksweerkunde het 'n groot aandeel gehad aan die skepping van 'n hele aantal weerrympies:

„Is op Kerstmis de hemel klaar,
Verwacht dan vrij een vruchtbaar jaar."[2]

en weer:

„Groene Kerstmis, witte Paschen
Zit op Kerstmis de kraai nog in 't klavergroen,
Op Paschen sal zij 't in het sneeuwveld doen."[3]

In verband met die weersgesteldheid gedurende sommige maande, is daar die volgende rympie:

„Stof in Maart
Is goud waard."

en:

„Maart droog en April nat
Geeft veel koren in het vat."[4]

Ook in verband met die weer staan die volgende spreekwoorde: „De mensch maakt den kalender, maar God het weer" en „Alle weer is Gods weer."[5]

Die Engelse Volksweerkunde besit ook 'n aantal weerrympies wat uit algemene ervaring ontstaan het:

„If bees stay at home
Rain will soon come,

If they fly away,
Fine will be the day."[6]

Tipies van die volkservaring van die weer is die volgende rympie:

„To talk of the weather is nothing but folly,
For when its rain on the hill, it may sun in the valley."[7]

Alhoewel die rympie een van die oudste vorms van die volkskuns is, verbaas dit ons dat wat die Afrikaanse weerrympie betref, die oes so power is. Dit is die aangewese vorm om die verskynsels op geestelike gebied in die lewe van die volksmens mee te bewaar. Die meeste

---

1) Malherbe, dr. D. F., „Afrikaanse Spreekwoorde en Verwante Vorme" - 1924, p. 61.
2) Schrijnen, p. 358.
3) Ibid., p. 360.
4) Ibid., p. 362.
5) Ibid., 366.
6) Dyer, p. 131.
7) Ibid., p. 247.

weerrympies is werklike bronne van waarheid. Die volk se opmerksaamheid kan ons aanleiding gee tot ondersoek deur wetenskaplikes. Op die gebied van die weerkunde is die volk se ervaring waarskynlik juister en meer betroubaar as op enige ander (gebied) van die volkswetenskap. Die natuur is die volksmens se lewenspil. Uit sy natuuromgewing word die volksmens se kultuur gebore.

Vir die landman in besonder is die twee vernaamste funksies deur die eeue gewees om:

1. Vrugbaarheid deur magie te veroorsaak.
2. Reent te veroorsaak. Hieruit het sy simboliese voorstellings i.v.m. weersgesteldheid en vrugbaarheid in die volksgeloof ingedring.

As paddas rondspring, kom daar reent , want daar word veronderstel dat hulle uit die lug val, of uit die vogtige aarde voortkom in tye van baie reent. Die twee begrippe word volkswetenskaplik met makeer geassosieer. Die bewegings van bye, miere, vlieë het 'n soortgelyke betekenis. Die skreeu van kwartels en patryse dui in Nederland nes hier, naderende reënweer aan.[1]

In 'n ouer tydperk van ons geskiedenis het die trekbewegings van trekwild aan die Afrikaanse boer gewys waar dit baie gereent het.

In die opvattings in verband met diere in die volksweerkunde speel bye gewoonlik 'n geniale rol: hulle is ongelukkig gedurende oorloë, hulle hou nie by families waar daar getwis word nie, en as die huisbaas sterf, vlug die bye.

Die dier is van oudsher af verbind aan die weersverskynsels. In die weerkunde van die Hebreërs het die slang storms op see veroorsaak. Die ibis in die Egiptiese weerkunde het die swel van die Nyl aangekondig.[2]

Baie eienskaplik Afrikaans is die volgende opvatting oor die weer:[3] „Di folksgeloof is as die reenpaddas di aand skré, dan reen dit di ander dag." Die skrywer van hierdie artikel vervolg: „Dis mooi weer een winter aand. Ons sit in di kombuis by die fuur. Ou aija sit 'n ruk dood stil met di hande onder di kake terwyl ons gekkerny maak. Meteen sê sy: ‚Hoor nou daar di ferd .... paddas! Ek het nou (net) myn wasgoed uitgetel om morre te gaan was, en skré hulle dat dit morre moet reen. As ek mynsonde ni ontsiin nie, dan fat ek net di besemstok en loop na di dam toe en gaan slaan di laaste padda dood."

Die padda word met water geassosieer, vandaar sy intrek in die weergeloof in verband met reent.

'n Ou Engelse weerrympie voorspel die weer deur middel van 'n seevoël:

„Sea-mo, sea-mo, sits on t' sand,
Theer niver good weather when thou's on t' land."[4]

---

1) Boshoff, p. 112.
2) „Wij en de Dieren", 2de Druk, N.V. Mij., 1932, p. 13 - 14.
3) „Ons Klyntji", Augustus 1897, p. 136.
4) Northall, p. 276.

As die kat by ons sy gesig aflek, gaan dit reent. En as hoenders gedurende die dag baie ywerig skrop, gaan dit ook binnekort reent.

Die boer se blydskap word geprojekteer op die diere in die natuur; as die beeste byvoorbeeld besonder lewenslustig rondspring, sal dit reent.

Wanneer die swaeltjies saampak, hou hulle „vergadering" om hulle komende trek na Europa te „bespreek". Dan weet die Afrikaanse volksmens dat die winter in aantog is.

Voorts bestaan daar 'n aantal algemene begrippe in die Afrikaanse Volksweerkunde. Die suidewind word in die Wes-Transvaal beskou as 'n bringer van koue weer. 'n „Vroeë winter" is baie straf. As die winter straf was, sal die somer mild wees.

As die noordewind baie waai gedurende Augustusmaand, sal 'n voorspoedige jaar vir die oes volg. Baie dwarrelwinde in die voorjaar voorspel droogte.

Algemeen is die opvatting dat 'n mens in 'n donderstorm veilig is as sy klere nat is.[1]

In „Die Huisgenoot" lees ons van die volgende weergeloof wat 'n skepping van die Afrikaanse volksweerkundiges, die Afrikaanse boere, is:[2] „Ongeveer drie myl van ons af het 'n buurman van my gewoon wat in die omgang 'n vername persoonlikheid was; iemand wat hom nie goed geken het nie, sou nooit kon glo dat hy baie bygelowig was nie. Ek persoonlik het hom al twintig jaar lank geken en kon self nie glo dat hy juis bygelowig was nie. Op 'n dag kon ek my egter van die waarheid daarvan oortuig:

„Dit was 'n bedompige somerdag. So'n drukkende atmosfeer voorspel gewoonlik 'n donderstorm in die namiddag. Ek was toevallig die dag by my buurman toe die storm losbars. Nadat die storm verby was, het my buurman ewe bedaard opgestaan en na die buitekamer gestap waar 'n paar broeimasjiene gestaan het wat vol eiers was. Voor die broeimasjiene het ons buurman toe gaan staan en begin kloek soos 'n broeishen dit alleen kan doen. Met verwondering het ek die spulletjie gestaan en bekyk. Na ongeveer vyf minute het die manewales voor die broeimasjiene op 'n ent gekom.

„Uit blote nuuskierigheid vra ek hom toe nou wat dit alles beteken. Hy vertel my toe die volgende: As die weer baie swaar is, draai sommige van die kuikens in die dop om en word dan gebreklik gebore of kom glad nie uit nie. Sodra 'n mens dan ná so 'n onweer voor die broeimasjiene kloek, hoor die kuikens dit en herstel van die skok, met die gevolg dat hulle weer in die dop regdraai en reggeskape uitkom."

Swaar weer is in sommige dele van ons land 'n algemene verskynsel gedurende die somer en baie mense skiet die lewe daardeur in.

---

1) „Ons Klyntji", Oktober 1897, p. 182.

2) „Die Huisgenoot", Deel XXVII, nr. 1104; 21/5/43, deur J. F. S., Benoni in „Om die Kampvuur", onder die titel: „Sterk Bygeloof."

In die weergeloof sien ons hiervan 'n inslag in die opvatting dat persone wat deur die bliksem getref is, in die reent geplaas moet word, en ook baie melk moet drink om „die swawel uit te werk"[1]

Daar is vasgestel dat die volk se waarneming in verband met die wind en wolke gewoonlik min of meer ooreenkom met die gevolgtrekkings van die wetenskaplike metereoloog.[2] Ons het voorop beweer dat die groot waarde van die legaat van die volkskultuur hierin bestaan dat dit by magte is om die opperkultuur te bevrug op so 'n wyse dat lg. nooit esoteries sal word nie. 'n Volksgemeenskap kan met 'n boom vergelyk word: die wortels daarvan is in die bodem, die onderkultuurlaag, en met die stam langs is dit in staat om die toppunte - die opperkultuur - te voed en aan die gang te hou. Die volksweerkunde geld in dieselfde verband.

Vir die Afrikaanse boer, nes vir die natuurwetenskaplike, is van groot belang die vorm van die wolke: banke, bome, skapies en vliese, ook weerligte en die aard daarvan. Laasgenoemde „brand" die reent los.

Die waterwysstokkie speel by ons 'n belangrike rol omdat hier so 'n groot behoefte aan water bestaan.[3] Maar dit verskyn ook in die Nederlandse Volksweerkunde.[4] J. Rasch meen dat die aanwys van water ook sonder hierdie stok kan geskied.

Die algemene beskrywing van diewaterstok is 'n hout van een of ander boom afkomstig, wat die vorm van 'n mik moet hê. Naas die mikhout word by ons ook bloot 'n draad wat in die vorm van 'n mik gebuig is, gebruik.

Nie almal besit die gawe om water aan te wys nie. As die waterstok in iemand se hande egter „werk", is hy 'n waterwyser. Hy neem dan die twee punte van die mik in elke hand, en hou dit só dat die derde punt na bo wys. Vervolgens loop hy in 'n sirkel om die plek waar water waarskynlik aangetref sal word. As daar wel water onder die aarde op daardie plek is, sal die bopunt van die mik na onder draai, al hou die waterwyser dit ook hoe styf vas. Soms slaan die stok dadelik met die punt na onder - dit hang natuurlik af hoe sterk die onderaardse wateraar is.

Nadat die waterwyser die aanwesigheid van 'n wateraar bevestig het, kan daar met gerustheid op die betrokke plek vir water geboor word.

Ons sien op voorbeeld van die volksweerkunde dat volkskunde 'n intieme studie is van die geestelike en kulturele peil van die onderlaag van 'n volksgemeenskap. Die daelikse leef- en denkwyse van die volksmens word intiem veropenbaar in sy opvattinge aangaande die weersgesteldheid en die klimaat van die bodem waarop hy leef. Die volks-

---

1) Pijper, p. 42.
2) Coetzee: „Die Afrikaanse Volksgeloof", p. 113.
3) Boshoff, p. 113.
4) Rasch, p. 40.

weerkunde as 'n volkskundige verskynsel, is 'n baie suiwer besit van die volksmens. Vir 'n kennis van die kultuurpeil van die Afrikaanse volk - volkskunde is 'n kultuurstudie - is die volksweerkunde dus onontbeerlik vir die volkskundige navorser.

Vanaf die vroegste tye het die natuur die mens se aandag geverg. Dit het sy denkvermoë geprikkel en waar hy nie in staat was om oorsaak en gevolg te ontleed nie, daar het hy nuwe uitvindinge gemaak wat uit sy verbeeldingskrag ontgin is. Die son, maan, sterre, diere en plante het in die volksgeloof van elke volksgemeenskap 'n inslag gevorm. Onbewus besef die mens dat die natuurverskynsels aan sekere natuurwette onderworpe is, maar dit verhinder hom geensins om fantastiese redenasies te voer nie. Hy kan vir hom nie voorstel dat daar wette kan wees sonder 'n wetgewer nie, natuurverskynsels sonder 'n skepper nie. Uit hierdie diepgewortelde algemeen-menslike besef ontstaan dan die volksgeloof, religie en die volksweerkunde.

Kosmogonie en idees in verband met die skepping van die heelal is by ons op die lees van die Bybel geskoei. Dit is 'n uiting van die tema wat soos 'n silwere draad deur ons volkswetenskap gevleg is, naamlik dat daar 'n alomteenwoordige, alwyse Regeerder is wat alles volgens 'n plan, met 'n doel, geskep het. Dit is dan ook 'n opvatting wat so oud is soos die Hebreërs, die Hindoes en die Perse.

H O O F S T U K I V .

A F R I K A A N S E V O L K S W Y S H E I D .

Ons het voorop gesê dat ons volkswysheid in die enger sin as volksfilosofie beskou. Dit is veral die opgegaarde lewenswysheid wat ons hieronder verstaan. Alles in verband met die volksmens se sedelike, godsdienstige, etiese, estetiese en ander gemeenskaplike of sosiale norms kom tot openbaring in die volkswysheid. In 'n ander verband behoort hiertoe ook alles wat ons onder volksvermaf kan verstaan, die speursin en vindingrykheid van die volksmens, en die toepassing daarvan op sy lewensvorms en lewensnorms.

Dit is veral die denkkrag van die Afrikaanse volksmens wat in die Afrikaanse volksnywerheid tot openbaring kom. In sy spreuke, die volksetimologie, die volksnaamkunde, sprokiesverklaring en raaiselverklaring word hierdie denkkrag weerspieël.

Omdat die volksmens na aan die natuur leef, dra sy taal die inslag van sy omgewing. Sy daelikse leefwyse druk 'n stempel op al sy denke af. Hierdie denkwyse is sprankelend en oorspronklik omdat die bron waarnaan dit ontgin is, die nafewe volksiel is. Op die gebied van die volkswysheid leer ons die volksmens ken as skepper, en wel as skepper van lewensfilosofie. Hierdie filosofie is vir die merendeel praktïes en ná aan die lewe. Dit is ver verwyderd van die metafisika en skool-filosofie, en tog kom daar waarhede in voor wat ewig is, en wetenskaplik-onbetwyfelbaar.

In sommige opsigte word in die volkswysheid die mens se digterlike vermoë aangetref, en kan dit in die sin digterlike volksfilosofie heet. Berymde opmerkinge bly langer in die geheue natril as gewone prosaïese kennis. Oor die algemeen weerkaats die volkswysheid die aard en die denkvermoë en die geestesstruktuur van die volk wat vir die skepping daarvan verantwoordelik is.

Ons skriftelike tradisie begin eers in die 19de eeu. Tot dusver het die Afrikaanse volkswysheid in die volksmond bestaan, en alle mondelinge tradisie is geneig om gebrekkig te wees. Maar 'n aanwins by ons is aan die anderkant die feit dat die geestelike bodem waarop ons spreuke en ander vorme van die Afrikaanse volkswysheid stoel, so oud soos die eerste koloniste is. Die sosiale sfeer waarin hulle ontstaan en bestaan het, sal al die spore dra van die sosiale en ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika en enger, van die Afrikaanssprekendes.[1] Ons sal sfere van boerdery, jag, seevaart, godsdiens en handel veral aantref. Maar die grootste gemene faktor sal die Algemeen-

---

1) Vgl. Malherbe, dr. D. F. : „Afrikaanse Spreekwoorde en Verwante Idiome", 1924, p. 10.

Afrikaanse menslike gees wees wat sinds 1658 ontstaan en ontwikkel het. Die verskynsel van maatskaplike kringe - waarmee elke volkskundige gemoeid is - kan dus volgens die volkswysheid ontleed en bepaal word.

Oumense, en jongmense besig gewoonlik verskillende spreuke.[4] Die Bybel sal byvoorbeeld op ouer geslagte 'n dieper inslag as op die huidige een hê.

Die spreuk is die algemeenste draer van die volkswysheid. Dit is dan ook wat die vorm betref, bo die alledaagse prosa verhef en stel dus bewustheid van skepping voor. Hierom is die spreuk miskien nooit so populêr soos 'n spreekwoord nie. Talle spreuke het dan deur tradisionele oorlewering tot spreekwoorde vervorm.

Ons Bybelteksте kan geld as reste van die Nederlandse spreukkaarte. In Nederland is spreukkaarte 'n vorm van huisvlyt. In hierdie sin besit ons nie soiets nie, dit moes veral deur die Groot Trek, toe die kakebeenwa die huis was, uit ons volkskunde verdwyn het. Die Kaap-Kolonie sal dan die aangewese gebied wees vir toekomstige volkskundige navorsing op hierdie gebied, aangesien dit daar meer behoue sou gebly het onder die agtergeblewe koloniste.

Die geaardheid van land en bodem, diere en plante, lewensbedryf, maatskaplike lewe, huislike lewe, sedes en gebruike en die volk se geestelike aard: sy godsdiens, volksgelouf, sprokies, fabels, legendes, lewensbeskouing, vind ons terug in een of ander vorm in die volkswysheid. Dit bevat algemene waarneming van menslike karakter, sedekundige wysheid, waarskuwinge, vertroostinge, en ook lewensvreugde, verbeelding, vernuf en waarnemingsvermoë. Met ander woorde gee dit ons 'n kykie in die volksiel. Soos alle volkswysheid, is die spreuk deur die enkeling geskep, en omrede sy algemeen-menslike waarheid of aan- en toepaslikheid, deur die hele gemeenskap aangeneem en voortgeplant.

Op godsdienstige gebied gee die Afrikaner se Calvinistiese godsdienssin hom 'n nugter en praktiese aard. Sy houding op die gebied van die volkswysheid is dan ook só.

Nuwe, eie Afrikaanse spreuke, aan ons eie bodem ontgin, is 'n trou spieël van die geestesaard van die Afrikaanse volksmens. Topografiese naamgewing in Jan van Riebeeck se dae was alreeds enig-Afrikaans: Leeuwenberg, Peerlbergh, Saddelbergh, Clapmusbergh. So is ook die woorde en begrippe in verband met die ossewa uitinge van 'n eie Afrikaanse volksvernuf.[1] Verder is 'n spreekwoord soos „agteros kom ook in die kraal", ook suiwer Afrikaanse volkswysheid.[2] Dan bestaan 'n aantal begrippe aangaande die jag wat enig-eie Afrikaans is:[3] „Dis aldag skietdag, maar nie aldag rookdag nie", of „As die doppie klap, val die bok", of die vermaning „Moenie die vleis eet voor jy die bok geskiet het nie."

---

4) Malherbe, p. 11.

1) Vgl. Van Rooijen, J. H. , „Kultuurskatte uit die Voortrekkertydperk," - Die Kakebeen wa.

2) Malherbe, p. 24.

3) Ibid., p. 58.

Spore van die volksmens se kennis in verband met landbou, die dierewêreld, die planteryk, die bodem en die natuur in die algemeen, het ook aanleiding gegee tot baie volkswaarhede.

Ander gebiede van die volkslewe skuil ook in spreuke. Hulle is sulke stylfigure in die volkstaal wat die volksmens se norme belig aangaan die moraliteit, afkeer, humor, geestigheid, opvoeding, huislike lewe, algemene lewenswyse volgens beroep, bv. :

Spotter se huis brand ook.

Een swawel maak nie 'n somer nie.

Ons sien met die inslag dat daar meer doelbewustheid van skepping optree by die volk as skepper van spreuke, as wat die geval met spreekwoorde is. Voorbeelde sien ons in:

Die baas maak plaas.

As die gety verloop, versit 'n mens die bakens.

Veel spreuke besit slegs halwe waarhede. Dit is 'n egte volksverskynsel. Van die volksmens kan nie verwag word om tydlose stellinge te skep wat deur die grootste kultuurdenkers nie veroordeel kan word nie. Die volkswaarheid kan nie intellektueel genoem word nie:

Alleen sterk bene kan weelde dra.

Niemand is so blind as die wat nie wil sien nie.

Hoë bome vang baie wind.

Laasgenoemde spreuk is 'n voorbeeld van die volksmens se voorliefde vir simboliek.

Ander voorbeelde van spreuke wat Afrikaanse volkswysheid inhou, is onder andere die volgende:

Elkeen is 'n dief in sy nering.

'n Esel stoot hom nie tweemaal aan dieselfde klip nie.

Moenie sê: „Fonteintjie, ek sal nooit weer van jou water drink nie."

Gehoorsaamheid is beter as offerande.

Elke haan is koning op sy eie miershoop.

Baie honde is 'n haas se dood.

Wie A sê, moet ook B sê.

Jou eie honde byt jou die seerste.

Kwaai honde byt mekaar nie.

Snags is alle katte grou.

Kommandeer jou eie honde en blaf self.

Jou koring staan ook nog groen op jou land (Moenie kritiseer nie).

Christelike invloed word aangetref in:

Laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie.

Verder het ons in Afrikaans:

Lekker is maar 'n vinger lank.

Twee harde stene maal nie.

Gods meul maal langsaam.

Jy kan 'n perd by die water bring, maar nie laat suip nie (Ook in Engels bekend).

Daar is geen pot te skeef vir 'n deksel nie.

Een brandsiek skaap steek die hele trop aan (Een persoon van slegte gedrag bederf die hele omgewing).

Moenie voorspooksels maak nie.

Jy kan nie vuismaak sonder ('n) hand nie.

Goeie wyn het g'n krans nodig nie.

Waar die aas is, versamel die arende.

As die armoede by die voordeur inkom, gaan die liefde by die agterdeur uit.

Wat jy bedank is jy kwyt.

'n Bedelaar het geen keuse nie.

Moenie die beer se vel verkoop voordat hy geskiet is nie!

'n Goeie begryper het maar 'n halwe woord nodig.

Belofte maak skuld.

'n Nuwe besem vee skoon.

Moenie te hard blaf nie (Sedelerend).

Een blinde kan nie 'n ander blinde lei nie.

In die land van die blindes is eenoog koning.

Bloed kruip waar dit nie kan loop nie.

Ander mense se boeke is duister om te lees.

'n Ou bok lus ook nog 'n groen blaartjie.

Die boog kan nie altyd gespan wees nie.

Buig die boompie solank as hy nog jonk is.

Vee eers voor jou eie deur.

Alle goeie dinge bestaan uit drie (probeer driekeer).

'n Mens kan altyd van 'n esel 'n skop verwag.

Eers gegee en dan geneem is erger as 'n dief gesteel.

Gierigheid is die wortel van alle kwaad (Moet wees: „die kwaad" = halwe waarheid).

Mense wat in glaashuise woon moet nie met klippe gooi nie.

'n Goeie begin is alreeds 'n halwe werk (moet wees: is 'n halfgedane taak).

Dis nie alles goud wat blink nie. (Alles wat blink is nie goud nie).

Eie haard (herd) is goud waard (werd) - (toon nog Ndlse. inslag).

Een voël in die hand is beter as tien in die lug.

Tussen die hand en die mond val die pap op die grond.

Baie hande maak ligte werk; as twee hande mekaar was, word altwee skoon.

Vuil hart, vuil wond.

'n Warm hart steek ander aan die brand.

Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.

Die perd wat die hawer verdien, kry dit nie altyd nie.

Help jouself, dan het jou vriende jou lief.

Met die hoed in die hand, kom jy deur die hele land (beleefdheid).

Kom 'n mens oor die hond, dan kom jy ook oor die stert.

As 'n mens 'n hond wil slaan kan hy gou genoeg 'n stok kry.

Elke hond kry sy dag en elke brakkie twee (straf vir verkeerde daad).

Moenie slapende honde wakker maak nie.

Dooie honde byt nie.

Twee honde om een been, die derde daarmee heen.

Honger maak ou bene soet.

Moenie hoog vlieg nie.

Hoogmoed kom tot 'n val.

As jy 'n huis bou na elkeen se raad, is hy krom.

As jy iemand jaag, dan staan jy self nie stil nie (m.a.w. moenie vervolg nie).

Liewer bang Jan as dooi Jan.

Jode en Samaritane hou nie gemeenskap nie.

'n Mens vang nie ou voëls met kaf nie.

'n Mens kasty wie hy liefhet.

As die kat weg is, is die muis baas.

'n Mens is 'n kind van sy omgewing.

Gaan jy met kinders uit, kom jy met kinders tuis.

Kinders is 'n seën van die Here, maar hulle hou die mot uit die klere (is duur).

Dis nie die koei wat die hardste werk wat die meeste melk gee nie.

As kok en kok se maat rusie kry, kom dit uit waar die sopvleis bly.

Iemand word voor die kop, maar nie i n die kop gesien nie (uiterlike oordeel weeg swaar).

As jy nie daar is nie, word jou kop nie gewas nie (kom altyd betyds).

Twee koppe is beter as een, al is een maar 'n skaapkop.

As die kos koud word, word die vrou warm ("kwaad" - huislike lewe).

Elke swart kraai dink sy eier is die witste (eie goed is die beste).

Die kreupele wil altyd voordans (nie ewewigtig nie - slegs één sy van die saak word raakgesien; altyd - somtyds).

Krismis kom net eenmaal in 'n jaar (Epikuriaans).

Moenie die kuikens tel voordat hulle gepik is nie.

Graaf jy 'n put vir 'n ander, val jy self daarin (naasteliefde - Christelike invloed).

Baie laastes sal eerste wees.

Wie laaste lag, lag lekkerste.

Ledigheid is die duiwel se oorkussing.

'n Leuen in nood is so goed soos 'n stukkie brood.

Ou liefde roer nie.

Die laaste loodjies weeg die swaarste (laaste deel van werk is die moeilikste).

Met die maat waarmee 'n mens meet, sal hý weer gemeet word.

Waar meerderman kom moet minderman wyk.

Klein muisies het groot ore (ervaring).

Naberou is galberou.

Wie sy neus skend, skend sy aangesig.

As die nood op sy hoogste is, is die redding naby (sonder bepaling van toegewing - korrekte vorm sal wees: As moeilikhede op hulle ergste is, kom daar g e w o o n l i k uitkoms).

Oefening baar kuns.

Ondervinding is die beste leermeester.

Daar is altyd 'n geluk by 'n ongeluk.

Ongenooide gaste hoort agter die deur met 'n bak vol bene.

Onwetend sondig nie - (volksjurisdiksie).

Wat die oog nie sien nie, deer die hart nie.

Hoe steiler die afdraand, hoe nader aan die end.(harde werk word gou beloon).

'n Mens is nooit te oud om te leer nie.

Ouderdom kom met gebreke.

As dit reën, moet jy skep.

Pap word altyd warm gekook as dit geëet word (mense maak dinge soms erger as wat hulle werklik is).

'n Perd het vier bene en hy struikel ook.

Wie met pik omgaan, word daarmee besmet (slegte maats).

'n Plan is 'n boerdery (goeie plan help 'n saak baie).

Die pot kan die ketel nie verwyt nie.

In die kleinste potjies bewaar mens die beste salf.

Probeer is die beste geweer.

'n Profeet is nie in sy eie land geëerd nie.

As iemand jou prosedeer vir jou koei, gee die kalf daarby.

As dit op die een reën, drup dit op 'n ander.

As jy met roet speel, word jy swart.

As 'n mens in Rome is, maak hy soos die Romeine (Eng. invloed).

Daar is geen rose sonder dorings nie.

Ryk gesaai, bankrot geoes (as iemand baie erf, dan verloor hy dit weer maklik).

Wie nie saai nie, sal nie maai nie (Landseienaardighede).

Gedane take het geen keer nie.

Bemoei jou met jou eie sake ('n Vermaning).

Dit is saliger om te gee as om te ontvang.

Kwade samesprekings bederf goeie sedes.

Meng jou met semels, dan vreet die varke jou.

Hoe meer siele hoe meer vreugde.

Daar gaan baie mak skape in een kraal.

Ver van jou goed, naby jou skade.

Deur skade en skande word 'n mens wys.

'n Mens waardeer die skat eers as hy verlore is.

Daar kom altyd beter skepe as wat daar uitgaan.

Moenie ou skoene weggooi voor jy nuwes het nie.

Skoenmaker, hou jou by jou lees.

Skoonheid is die tweede goddelikheid.

Al is 'n skoonmoeder hoe gesuiker, sy bly maar suur.

Slaan is twee man se werk.

Gedulde smart is halwe smart.

Elke man soen sy vrou op sy eie manier.

Soort soek soort.

Die onderste speek kom ook bo.

'n Mens sien die splinter in 'n ander se oog, maar hy vergeet die balk in syne.

Spotter kry sy loon (Algemene volkservaringslewe).

Spring nie verder as wat jou stok lank is nie.

Verandering van spyse is eetlus.

Staan jou man (Eerder 'n vermaning as 'n brokkie wysheid).

As 'n mens nie sterk is nie, moet hy slim wees.

As jy op twee stoele gelyk wil sit, kom jy op die grond te lande.

Die beste stuurman staan aan wal.

Na suur kom soet.

Die beste touleier sit op die voorbok.

Van muusgierigheid is die tronk vol.

Trou is nie perde koop nie.

Tyd is geld.

Elkeen dink sy uil is 'n valk.

Van uitstel kom afstel.

Moenie jou kinders laat erf voordat jy dood is nie.

Van uitvra is die tronke vol (Volksetiket - as jy uitvra sal jy tog nie alles vertel word nie).

Vaak raak vir bang baas (by kinders).

Varke skuur hulle modder teen pilare af (moraliteit).

Leë vate maak die meeste geraas.

Die vere maak die voël.

(Jy moet) Vergewe en vergeet.

Waar jy wel verkeer word jy wel geëer ('n mens word geoordeel na die met wie jy omgaan).

Versadig eers vrou en kind en sorg dan vir jou goeie naam.

Veiligheid is die moeder van wysheid.

Gee 'n man 'n vinger, dan vat hy die hele hand.

'n Ou nooi kan ook nuwe liedjies speel ('n ou mens hou ook van iets moois).

Die weg van alle vlees gaan.

Vlug is goed, maar begin betyds.

Solank as wat 'n voël nog vlieg, kan 'n mens hom skiet (vry, al is iemand verloof).

Vandag volop, môre skoon op (moenie verkwis nie).

Alles het sy voor en teë (elke saak het twee kante).

Voorkoming is beter as genesing.

Vooruit reken is dubbelreken (moenie planne te lank vooruit maak nie).

'n Vraat word nie gebore nie, maar gemaak.

Sê my wie is jou vriende en ek sal jou sê wie jy is.

Aan die vrug word die boom geken.

Verbode vrugte smaak die soetste.

Moenie die vulletjie se rug afry voordat jy die groot perd het nie.

Wie die naaste aan die vuur sit, word die warmste (as jy bevriend is met rykes is die moontlikhede gunstig dat jy op een of ander wyse daarin kan deel).

Wie nie waag nie, wen nie.

Die waarheid wil nie gesê wees nie. (As jy soms met die waarheid voor die dag kom, word jy gehaat).

Moenie vuil water weggooi voor jy skones het nie.

Stille waters, diepe grond, onder draai die duiwel rond.

'n Mens weet wat hy het, maar nie wat hy kry nie.

Waar 'n wil is, is 'n weg.

Na wind kom reën (na vreug kom smart).

Wie wind saai, sal storm maai.

Wyn in die man, wysheid in die kan.

Alles is ydelheid (alles op aarde is vergänklik).

'n Mens kan nie yster met die hande breek nie.

Smee die yster terwyl dit heet is.[1]

Ons tref 'n aantal spreuke aan wat vormelemente van volkspoësie bevat, alliterasie, assonans, rym:

Wie laaste lag, lag lekkerste.

Arbeid adel.

Hy is vis nog vlees.

Rus roes.

Besin eer jy begin.

Eendrag maak mag.

Erfgeld is swerfgeld.

Grootpraat is niemand se maat.

Die heler is net so goed as die steler.

Elke huis het sy kruis.

Hoe kaler, hoe rojaler.

Oulap se rooi maak mooi.

Wat jy saai, sal jy maai.

Wie nie pas op sy tyd, is sy maaltyd kwyt.

Na vrolikheid kom olikheid.

Woorde wek maar voorbeelde trek.

Elke hart het sy smart.

Geld wat stom is, maak reg wat krom is.

Geleentheid gee geneentheid.

Van die hand na die mond val die pap op die grond.

Dis vinkel en koljander, die een is soos die ander.

Hoe geleerder, hoe verkeerder.

Elke gek het sy gebrek.

Hoe groter gees, hoe groter bees.

Hoe kaler jonker, hoe groter pronker.

Wat jonk is, speel graag, wat oud is, neul graag.

---

1) Kritzinger, M. S. B., „Afrikaanse Spreekwoorde, Gesegdes, ens.", 1936, p. 8 - 169.

Mooiheid vergaan, maar deug bly staan.
'n Vrou dra meer uit met 'n lepel as 'n man inbring met 'n skepel.

Plesier is nes 'n jong komkommer,
pluk jy hom, verlep hy sommer.

Al dra 'n aap 'n goue ring,
hy bly tog maar 'n lelike ding.

Die mens wik,
God beskik.

Amper is nog nie stamper nie.

Gou by die bak,
lui by die vak.

Bitter in die mond maak die hart gesond.
Boontjie kry sy loontjie.

Die bruid is in die skuit,
nou is die mooi praatjies uit.

Jakkals verander van hare maar nie van snare nie.
Die morestond het goud in die mond. (soggens vroeg voer 'n mens baie uit en kry jy gulde geleenthede).
Son in die Weste, luiaard op sy beste.
Haastigheid is lastigheid.
Praatjies vul geen gaatjies (nie).[1]

Die denkkrag van die Afrikaanse volksmens kom tot openbaring in die vergelyking. Die vergelyking in die volkstaal is iets intiems, ontstaan uit sy volksaard. Sommige vergelykings in die Afrikaanse volkstaal kon op geen ander plek ter wêreld ontstaan het nie. Ons kan niks ander sê as dat die Afrikaanse vergelyking plaaslik is nie. Alles wat bodem en raseg Afrikaans is, is daarmee vergroeid.[2]

„In byna elke beskrywing, redenering, of verhaal word ruim gebruik gemaak van die vergelyking, danksy die drang na presiese of meer **emfatiese** uiting."[3] Dit stel dus voor dat die skepper b e w u s moet wees van wat hy wil sê. Sy intelligensie tree hier dus veral in werking. „By die primitiewe natuurmens speel die vergelyking 'n groot rol, omdat sy geestesstruktuur van so 'n aard is dat abstrakte denke uitgesluit is."[3] Die vergelyking stel die volksmens in staat om abstrakthede aan bekende voorwerpe vas te koppel, en aan dinge in sy daaglikse ervaring te verbind. Geen metafisika of filosofie word dus in die vergelyking verwag nie, maar slegs objektiewe kennis, deur ervaring opgegaar, byvoorbeeld die vergelyking: „So veel soos sterre aan die hemel", is 'n feit wat almal ken, omdat op algemeen-menslike waarneming stoel.

Ons tref 'n mate van ruheid, aanskoulikheid, oordrywing, naïewe

---

1) Opgeteken uit verskeie verspreide bronne.
2) Vgl. Kok, dr. B., „Die Vergelyking in die Afrikaanse Volkstaal, 1942.
3) Ibid., p. 11.

beeldsprakerigheid, omwondenheid, onbeholpenheid van konsentrasie en mistieke neigings aan in die volkswysheid, en dit word bv. in die vergelyking aangetref:

So rond soos 'n koeël.
Deurskynore soos 'n vlakhaas.
So dood soos 'n klip.
So hoog soos die hemel.[1]

Dit dra die kenmerk van mededeling eerder as van eie gevolgtrekking; die logika is nie altyd deurgaans suiwer nie; die waarneming stoel meer op gevoel en emosie as op verstand, daarom lyk dit soms ondeurwrog: „Verreweg die grootste en die belangrikste kategorie bestaan uit uitdrukkinge wat genoem kan word gevoels- of stemmingsvergelykinge."[2] Sintuig en gevoel speel dan ook 'n groter rol in die lewe van die volksmens as wat verstand en wysgerige beskouinge speel. In sy stryd met die realiteit van die landsaard en die nuwe elemente in die natuur, word die landman erg prakties en nugter - ook in sy denkwyse:

So bang soos 'n donkie vir mooipraat.[3]

Soms is ~~geen~~ geestigheid van meer belang as verstandelikheid:

Knyp-knieë soos 'n grootuierkoei.
Weglê-ore soos 'n nagmaalbeker.
'n Onklaar gesig soos 'n swak afdruk.[4]

Fantasie is verreweg nog nie teorie nie, so is die volgende vergelykings eerder fantasties as teoreties:

Twee rye tande soos 'n meerkat-ooi.
Skurwe lippe soos 'n mislukte erosieskema.[4]

Dit is voorbeelde van die tipiese mistieke gaard van die onintellektuele denke wat die volksmens skep. Dieselfde ongeskoolde, onbewuste, en ongedissiplineerde denke van die volksmens openbaar hom as 'n wese wat 'n animistiese natuur ten grondslag het.

„Akkuraatheid van voorstelling of noukeurigheid van vorm is dus geensins inherente eienskappe van die volksvergelyking nie."[5] By-voorbeeld, „So nugter soos 'n koue stortbad", behoort eintlik te wees: „So nugter soos iemand wat onder 'n koue stortbad is."

Omdat baie buitengewone assosiasies in die vergelyking gemaak word, word dit des te makliker onthou; dit bly in die geheue nahuiwer. Dit word aan die buitengewoonheid daarvan onthou:

So triestig soos 'n muggie wat in die winter op die damwal sit en kweek vreet.

---

1) Ibid., p. 12 - 13.
2) Ibid., p. 13.
3) Ibid., p. 14.
4) Ibid., p. 14.
5) Ibid., p. 15.

Hiermee het ons dan aangetoon dat analogiese redenasies, metafisiese stellings en vergelykings die inhoudsvorme van die volkswysheid is.

Ten slotte wys ons op 'n aantal verskynsels in die Afrikaanse volkswysheid in hierdie verband wat heel waarskynlik oorgelewerde vorms van spreukkaarte is:[1]

1. Doet
   Goed
   Welgemoed.

2. Laat
   Kwaad
   Froeg en laat.

3. Praat sonder daad
   Doet niks as kwaad;
   Daad saam met praat
   Geef alleen baat.

4. Deug
   Verheug.

5. Kwaad
   Skaad.

6. Sonde
   Baar wonde.

7. Liifde
   Nooit griifde.

8. Min te spreke en feul te hore
   Word in 'n wys gemoed gebore;
   Di dwaas oek selfs wat dit betrag,
   Word daarin fer wys geag.

9. Hoogmoed en domhyd is broer en suster;
   want hoogmoed self is die grootste domhyd;
   dit breng jou geen nut nie, maar net skade an.

Daar is 'n taamlike opmerklike inslag van Salomo en didaktiek hierin wat op 'n goeie Bybelkennis dui.

'n Duidelike intellektuele inslag word in die volgende gesegdes aangetref:[2]

---

1) „Ons Klyntji", Jaargang 9, nr. 9, Desember 1905, p. 15.
2) „Ons Klyntji", Junie 1906, p. 10 - 11.

Moet jou nie onnodig kwel nie.

Moenie eentonig word nie.

Leer om 'n ding waarmee jy begin het, klaar te maak.

Verkies 'n stryd bo gemaklikheid.

Moenie te hoogmoedig wees om raad aan te neem nie.

Laat 'n bietjie voorspoed jou nie bederwe nie.

Hou 'n skerp oog op jou eie swakhede. Kyk na hulle en oefen jou steeds daarin.

Probeer om altyd met ander oor die weg te kom.

„Gebruik jou kennis fer praktise doelyndes."

Werksaamheid is die sleutel tot sukses.

Neem tyd om te dink, plan te maak, en iets uit te voer.

Een ondervinding is meer werd as tien teorieë.

Laat deeglikheid blyk uit alles wat jy doen: jy kan nie op 'n ander manier slaag nie.

Tipies van die meeste produkte van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging, is die neiging tot didaktiek daarin. Op Christelike moraliteit en sedelering berus hierdie voorbeelde dan ook grotendeels.

Ons beskou volksetimologie ook as 'n verskynsel in die volkswetenskap, en skaar dit hier onder die volkswysheid. Die kennis van die volk in verband met sy taal, en die neiging van die volk om aan sommige woorde en begrippe in die taalskat te verander, behoort tot die verstandelike vermoë van die volksmens, die skepper van volksetimologie.

„Volksetimologie noemt men het veranderen van een niet begrepen woord, doordat men het bewust of onbewust combineert met een woord van gewonen klank; v a n e e n e i g e n l i j k e e t i m o l o g i e i s n a t u u r l i j k g e e n s p r a k e, daar het hier slechts associatie van naar den vorm overeenstemmende woorden betreft. Sommige dezer veranderingen zijn tot de volkstaal beperkt gebleven, bijvoorbeeld intree voor entrée, andere hebben tijdelijk groote verbreiding gehad, zooals op zien en vandaar weer op zicht voor optie, of zijn algemeen geworden, bijv., kwast voor (lemon) squash en haver voor over in van haver tot gort voor van aver tot aver. Ook planten en dierennamen berusten vaak op volksetimologie, bijv., kampferfoelie (uit capxifolium) en veelvraat uit

fjellgras".[1] Om hierdie redes, uit die aard van die wese van volksetimologie, kan ons dit dus as een van die onderdele van die volk se ongesistematiseerde en onkritiese kennis beskou. Dit is die volksmens se wysheid, sy wysgerige beskouinge oor en in verband met sy taal. Dit is die taalkunde van die volk. Die volk se opvattinge daaraan verbonde, stam uit 'n drang om tot klaarheid te kom wat betref: 1) ou woorde wat nie meer verstaan word nie, en 2) nuwe leenwoorde wat ook nie begryp word nie.[2] Verhaspeling en vervorming tree in werking in hierdie woorde deur klank en begripsassosiasie. Hierdie kennis heet dan tereg 'n norm van volkswysheid.

Ons vind in die Afrikaanse volksetimologie ou spore van Germaans, Nederlands, Duits, e.a. So gebruik ons blaasbalk vir blaasbalg; nagmerrie vir nagmare; skeurbuik vir schorbut. Die volk maak afleidinge van vreemde woorde en uitdrukkinge en bring hulle in verband met bekende woorde en uitdrukkinge in die eie taal. Van aard is hulle gewoonlik spottend of ironies en afgelei van:-

1. Die Bybel: Sandsak, Meelsak en Appel-eenoog vir Sadrag, Mesag en Abednego.

2. Kerklike Sektes: Krisjan Kaiings < Christian Science; Krisjan Saultjies < Christian Soldiers.

3. Vreemde Name: Rooiversbul < Redvers Buller; Baksteen < Buxton.

4. Die Eerste Vryheidsoorlog: Rypatrys < Repatriation; Martjie Louw < Martial Law.

5. Vreemde Siektes: Duisendtree < dysentry; bronkatjies < bronchitis.

6. Vreemde Medisyne: Olie Kolonie < Eau de Cologne; wonderliksens < wonder-essens.

7. Vreemde Voorwerpe: Baie sukkel < bicycle; modderkar < motor car.

8. Vreemde Vrugte en Plante: Smeerlapvye < Smyrna vye; witstippelmerrie < vegetable marrow.

---

1) Winkler Prins, deel 16, p. 233.

2) Boshoff, p. 93.

Ander voorbeelde is:

pêremiet < piramiede.

liddoring < likdoorn.

appelkoos < aprikoos.

tweespalk < tweespalt.

koperkapel < cobra de capello.

duiwel-se-slypsteen < Theophilus Shepstone.

Ou-wyn-Langjan < Owen Lanyon.

gladsteen < Gladstone.

Pistoolse Broeders < Apostoliese Broeders.

kosmyniks < cosmetique.

godliewerolie < codliver oil.

samboksalf < zambuk

pens-en-katjies < appendicitis.

in iemand se vaalwater kom < in iemands vaarwater komen.

kort wette maak < korte wetten maken.

rotkêr < Rodger (mes).

Okskort ('n manelletjie) < Oxford.

koerasie < courage.

filekommis < fidei-commissum.

uit wans uit < at once.

opsluit < absoluut.

opsent < absent.

disnis < distance.

sustentasievonnis < sustentasiefonds.

leventelfors < defence force.

ingesuur < onder sensuur.

penitensie < penitence

boetse < boots.[1]

Die volksverbeelding tree hier op. Klankassosiasie gaan oor tot begripsassosiasie: „So word jaloers vervorm tot junloers, en hieruit abstraheer die volksverbeelding dan weer 'n persoon Jan wat as peet-

1) Versamel uit verskeie verspreide bronne.

vader optree by die geboorte van die spreekwoordelike uitdrukking: ‚Hy het Jantjie se baadjie aan'"[1] Die volk is dus aan die eenkant konkreet, nugter, realisties en prakties, maar aan die anderkant ook naïef, fantasties, misties.

Nederlandse voorbeelde van volksetimologie vertoon talle verskynsels van ooreenkoms wat die sielkundige aspek van die skepping daarvan betref, bv. :-

loopend motief < lokomotief.

enkel ziekte < Engelsche ziekte.

zenebladen < zenuwblaren (Afr. senneblare).

leeupanther < leopardus luipaard.

rethoricus < rederijker.

beschuit < biscuit.

Langmat < Lamaea (Indies).

ledikant < lit de camp.[2]

Dit verbaas ons dan ook nie dat naas eievorming op volksetimologiese gebied, ons ook Nederlandse en ander erfgoed aantref nie.[3] Ons kan volstaan met die volgende voorbeelde:

Trippelmerrie < Tipperary (historiese inslag van 'n lied wat gedurende oorlog van 1914 - 1919 gesing is).

Bollemakisie < Bolsheviki.

Spaanse vlooi < Spanish 'flu.

Clayton > Kleitoon.

Spek-en-bone < Spes Bona.

Jakrivier < geography.

Vieslike Jakrivier < physical geography.

blou-hermaans < blanc mange.

katfisante < katkisante.

kathuis < cottage.

merrie-korhaan < merry-go-round.

karkis < carcase.

kussing < cousin.

---

1) Boshoff, p. 95.

2) Rasch, p. 92.

3) Boshoff, p. 340 - 346.

Kapatertjie ← kom, patertjie ('n volksliedjie).

akkedis ← hagedis.

veldstoel ← voustoel (valt - vou).

spinnerak ← spinnerag.

steeks ← steegs.

weerluis ← weeluis

nastergal x nagskaal ← nagskade ← night shade.

misbredie ← Lat. ← Port. Portulaca oleracea.

borrie ← Maleis-boreh.

mebos ← Japans - umeboshi.

Die benaming weerluis hang saam met 'n eie Afrikaanse vorm van volksdierkunde. Die woord is afgelei van 'n ouer vorm: weegluis, waar w e e g „muur" beteken, omdat hierdie diertjie in muurlyste hou. Maar by ons bestaan die opvatting dat die weerluis besonder bedrywing word gedurende onweerstoestande - vandaar die begrip w e e r wat 'n volksetimologiese vervorming van w e e g is.[1]

Schrijnen noem volksetimologie „ o n b e w u s t e klank- en begripsassociaties met of zonder wijziging van den woordvorm."[2] Terwyl die skepping onbewuste handeling is, kan ons van volkswetenskap praat. In hierdie sin moet 'n mens dus versigtig wees om nie opsetlike volksluim in sommige gevalle met volksetimologie te verwar nie.

Ook tref ons die eienaardige verskynsel van kultuur-wisselwerking en kultuurbevrugting aan op die gebied van volksetimologie. Die standaard-Afrikaanse woord sonvloed kan herlei word tot Nederlands z o n d - v l o e d wat weer op sy beurt ← Ouhoogduits sin-vluot (groot vloed), by ons met die begrip s o n d e in verband gebring. Op Afrikaanse gebied kan woorde en begrippe soos die volgende as voorbeeld geld van volksetimologie wat die kultuurtaal binnedring omrede toepaslikheid of ander sielkundige oorwegings:

modderas ← modder + moeras.

verassureer ← verseker + assureer.

onderlaag ← onderspit + neerlaag.

natneuse = osse, honde.

laatrye = esels.

kophou = kalm bly.

---

1) Vgl. Scholtz, dr. H. v.d. M., „Taal en Taalverskynsels" (Nas. Pers, Bloemfontein, 1940), p. 127.

2) Schrijnen, II, p. 326.

opskud = gou maak.

uitskei = ophou.

Hier sien ons dat die volk o n b e w u s van die feit is dat hy 'n woordverklaring gee, en ook is die volk onbewus dat hierdie verklaring 'n wetenskaplike ondergrond het. Dit lewer weereens bewys van die stelling dat alle volkswetenskap 'n onbewuste verklaring van oorsaak en gevolg van die fenomene in die wêreld buite die volksmens is.

Etimologiese natuur- en sprokiesverklaring word deur Schrijnen bygereken tot die gebied van die volksetmologie.[1] In 'n enger sin is dit 'n interpretasie van die name van blomme, bome, minerale, diere, stede, ens. Dit steel ook grotendeels op die volksfantasie, bv. Aaronskelk, treurwilger. In Nederland is baie plante in verband gebring met die Rooms-Katolieke opvatting van die maagd Maria, vandaar talle plantname met die wortelwoorde „Onzer-Vrouwen" - soos bv. „Onzer Vrouwen bedstros."[2] Ons tref ook 'n volksetimologie van plekname aan, byvoorbeeld die naam van die dorpie Kalevoet in Nederland word as volg verklaar:[2] Toe Karel V eenkeer van Alsemberg na Brussel reis, het sy rytuig op die plek gebreek waar Kalevoet nou is. Hy was genoodsaak om te voet verder na Brussel te reis. Dit het natuurlik sy skoene beskadig, maar die feit dat hy te voet moes loop, het die begrippe „Karel-te-voet" en „kaalvoet" verwek. Vandaar die pleknaam Kalevoet.

Etimologiese natuurverklaring skuil in die naam Tafelberg.[3] „Wanneer die Suidoostewind waai en Tafelberg oordek is met 'n wit windwolk, dan het dit vandag nog in Kaapstad en omstreke: die tafel is gedek."

'n Sprokiesverklaring is: „Van Noodt is dood, nou geen nood."[4] Jan van der Noot was 'n ietwat hardvogtige goewerneur van die Kaap in die dae van die Oosindiese Kompanjie. Sy dood het onder buitengewone omstandighede plaasgevind - iets wat die volksverbeelding gaande gemaak het, en vandaar die bestaan van hierdie rympie.

Legendariese elemente kom voor in die volksetimologiese verskynsel: „Om die rondte van vader Cloete te doen." Pieter Louwrens Cloete was een van die regters van die Swart Ommegang wat in 1812 in die lewe geroep is.[5]

'n Onderdeel van die volksetimologie is naamgewing. Ons behandel hieronder die name wat deur die Afrikaanse volksmens gegee is aan die

---

1) Schrijnen, II, p. 331.
2) Ibid., p. 332.
3) Malherbe, p. 61.
4) Ibid., p. 62 - 63.
5) Ibid., p. 63.

diere, plante en topografiese geaardheid van sy bodem.

Op die gebied van die Afrikaanse volksnaamgewing speel eufemisme by dierenaamgewing 'n besondere rol. Jagters noem diere soms nie op hulle gewone naam nie, maar dui hulle aan deur 'n vleinaam of 'n omskrywing. Die grondslag hiervan is om die guns van die dier te bekom, of om die gevaarlike dier te mislei, wat by die noem van sy regte naam miskien in die vlees sal verskyn; of daar word ook beweer dat diere op die vlug gaan as hulle regte name gedurende 'n jagtog genoem word. 'n Haas word derhalwe soms 'n d o e k v o e t genoem, 'n bobbejaan 'n p l a n k b o u d en 'n steenbok word h o r i n k i e s genoem. Die leeu is bekend as v u i l b a a r d en die slang as p e l l o (vgl. Portugees - capello)[1].

Wat naamkunde betref, is die naam van iemand, 'n dier plant of ander voorwerp, veel meer as net 'n blote adres. Dit behoort heg tot die orenda van die wese wat met die naam aangedui word. Soms tree dit instede van die aangeduide persoon self op. Die naam van 'n voorwerp is dan die inkarnasie van die wese wat daardie naam dra. Ons sien duidelik dat die dryfveer tot skepping hier die animistiese geaardheid van die mens is. 'n Naam gee mettertyd aan die wese van 'n bepaalde mens, dier of plant, 'n bepaalde gestalte , en wek bepaalde assosiasie by sy groepsgenote in die geval van die mens op; hieruit word byname byvoorbeeld geskep. Die besit van 'n naam oefen ook invloed uit op die draer daarvan - vandaar die groot rol wat die naam in die magie speel. 'n Voorbeeld hiervan is nog die vermyding van die Godsnaam in die Ou Testament, waar dit partykeer deur Heer vervang word. Dit stoel op die besef van die heiligheid van God en die onuitspreekbaarheid van Sy wese.[2]

Talle sielkundige oorwegings kom in aanmerking by die skepping van plekname deur die volk. Die wese van 'n volk spreek intiem uit sy bodem en plekname, omdat sommige name tereg tuishoort in die volkspoësie. Gewoonlik word plekname met groot liefde geskep, gebore uit die vertroudheid en liefde van die volksmens met en vir sy bodem. Plekname is 'n topografiese, historiese en ekonomiese opsomming van die aard en geskiedenis van die bodem.

Vir die volkskundige is die name van topografiese aard veral belangrik. Die land se kleurskakeringe, die volksmens se volksgeloof, die klimmat, en die aard van die natuurlewe op die bodem, word teruggevind in die plekname wat onbewus soms deur die volksmens geskep word om die eie bodem te kenmerk.

In die Graaff-Reinetse distrik word die Spandauberg aangetref.

---

1) Scholtz, „Taal en Taalverskynsels", pp. 133, 134.

2) Vgl. Winkler Prins, deel XII, p. 430.

Die benaming Spandau is 'n volksetimologiese vervorming van spantou; die berg se kruin lyk asof dit „gespan" is, soos 'n koei bv. gespan word.[1]

Die taalkunde van die volk gee soms op die gebied van die naamkunde aanleiding tot baie suiwer eie-skeppinge, wat intiem uit die volksiel spruit. Ons kan o.a. name noem soos Tafelberg, Olifantsberg, Hangkloof, Soetrivier, Nuwelande (< Nieuwe Londen), Wynberg (hierdie naam het ontstaan as gevolg van die weelderige wingerde in die omgewing), Rondebosch, Paarl (naam as gevolg van twee eienskaplike rotse wat pêrelvormig is), Doringhoek, Moddergat, Haasfontein, Sterkfontein, Grootvadersbos, Ongeluksfontein (eenkeer het 'n ongeluk hier plaasgevind. 'n Aantal Griekwas wat op jag was, het daar gerus. Per ongeluk het 'n geweer afgegaan, en een is gedood),[2] Valsbaai („Vals", omdat dit telkens verkeerdelik verwar is met Tafelbaai), Boomplaats (hier staan twee eensame bome), Graafwater (dui op die moeilikheid om in Namakwaland water te kry), Pramberg (vorm is sso dié van 'n vrou se bors), Skurweberg, Stormberg, Sterkstroom, Donkerpoort, Noupoort, Syferfontein, De Aar (die wateraar), Waaihoek ('n winderige omgewing), Kruidfontein (water ruik hier na die minerale soute in die grond).[3]

By die skepping en voortbestaan van plekname is die belangrikste taalkundige faktore volksetimologie en fonetiese verhaspeling.

Historiese voorvalle word soms verskuil in 'n pleknaam. Te Moordkuil, Kaapland, is in 1673 agt burgers deur 'n aantal Hottentotte vermoor. Die naam Moordenaarskop dui op die Kafferoorlog van 1846. Op hierdie plek is vyf offisiere deur kaffers oorrompel. Die naam Moordspruit in Natal het ontstaan deurdat dertig manne van die Engelbrecht-laer daar deur Dingaan se hordes vermoor is. Historiese motiewe bestaan verder ook in die name Weenen, Bloedrivier, Lydenburg.[4]

'n Paar eienaardige benaminge is deur die Voortrekkers geskep. Daar het 'n verkeerde geografiese konsepsie van die Noorde by sommiges bestaan. Vandaar die naam Israelietsberg, wat dui op die mening dat hulle naby die punt van die terrafirma van Afrika was. Etimologies is die naam Palo van een van die kafferkapteine waarmee hulle in aanraking gekom het, vervorm tot Farao. So ook verhul die naam Nylstroom die idee dat hulle 'n vertakking van die Nyl ontdek het. Daar was telkens sprake onder die Voortrekkers van die „beloofde land", wat wys op die gevoel van ooreenkoms met die rondswerwinge van die Israelitiese volk.

Van Hugenote afkoms is 'n aantal plekname in die Kaap. Ook hier het fonetiese vervorming aanleiding gegee tot name wat weer met die

---

1) Pettman, C., „Notes on South African Placenames", 1914, p. 10.
2) Ibid., p. 14 - 15.
3) Ibid., p. 19.
4) Ibid., p. 20.

Afrikaanse artikulasiebasis ooreenstem. In hierdie verband geld: Lausanne in die Albertse distrik; Franshoek, Hugenoot, Rochelle, Languedoc, Poitiers, Wamakersvlei (Val du Charron).

Familiename is aangewend om die volgende dorpe aan te dui: Calitzdorp, Bredasdorp, Humansdorp, Steynsburg, Venterstad, Adendorp, Maasdorp, Stanger.

In verband met die Groot-Trek staan Potchefstroom, Pretoria, Brandfort, Pietermaritzburg, Krugersdorp, Johannesburg, Reitz.

Potchefstroom < Hendrik Potgieter.

Pretoria < Andries Pretorius.

Brandfort < Jan Brand.

Pietermaritzburg < Piet Retief; Gert Maritz.

Krugersdorp < Paul Kruger.

Johannesburg < Johannes Meyer, Johann Rissik, Johannes Lindeque.

Suiwerder topografies is name soos Bosveld, Hoëveld, Doringveld, Klipveld, Sandveld, Koueveld, Roggeveld, Suurveld, Soetveld, Bontveld, Bokkeveld, Grasveld, Laeveld, Noorsdoringveld (< euphorbia-plant wat tussen Pearston en Jansenville die veld bestryk, en wat in Afrikaans die „Noorsdoring" heet).[1] Onder die topografiese name word sommige aangetref wat 'n hoogte in die omgewing aandui, soos bv. Spitskop, Platrug, of 'n vlakte beskryf, soos bv. Steenbokvlakte, Kwagga-vlakte. Verder word die laagtes aangedui, soos Walvis-Baai, Daniels-Kuil, Du Toits Pan, Brakpan, Diepsloot, Veervlei, Luipaardsvlei. Minerale water en andersinds is die vernaamste motief in name soos Warmbad, Badfontein, Badplaats, Liesbeek, Heilbron, Klipdrif, Nylsoog, Oogies, Blinkwater. Die buitengewone g r o o t t e van Breërivier, Hoëkraal, Langkloof lê ten grondslag van hulle name. K l e u r e is die vernaamste motiewe in die volgende name: Bontrand, Geelbek, Groenkloof, Roodepoort, Goudplaas, Witwatersrand. Die v o r m van die volgende plekke het die volksverbeelding gaande gemaak, vandaar die name: Draaibos, Holpan, Platrand, Vlakfontein. Eienskaplik is name soos Brakfontein, Droogfontein, Dorsfontein, Gruisfontein, Kaalfontein, Kromboom, Wonderboom, Losberg, Loskop, Schoonsand, Sneeukop, Winterhoek (naam weens buitengewoon koue klimaat), Soutpansberg, Somersvlakte. Verder gee die l i g g i n g van 'n plek soms aanleiding tot sy naam in die volksetimologie: Agtersneeuberg, Agtertang, Bovlei, Waterval-Boven, Middelburg, Middelfontein, Noordhoek, Noordkaap, Onderhoogte, Ooshoek, Ouerberg, Verrekykerskop, Vergelegen, Suidvaal. T e l w o o r d e is die vernaamste etimologiese motiewe

---

1) Ibid. p. 21 - 22.

van name soos die volgende deur die volk geskep: Eendrag, Eenduin, Eensgevonden, Eerste Kamp, Tweespruit, Veertienstrome, Derdepoort, Vierfontein, Vyfhoek, Seweweekspoort, Sewefontein, Berg Vyftig.

Die volk se vertroudheid met sy bodem lê ten grondslag van die sielkunde in verband met plekname soos dié van diere afgelei: In hierdie kader geld: Leeubos, Leeukraal, Wolwefontein, Katrivier, Jakkalsspruit, Olifantsfontein, Renosterkop, Buffelshoek, Kameelpan; Marico < maaikwe (die kaffernaam vir 'n bul-kameel wat alleen rondloop); Oshoek, Baviaanskloof, Elandsbaai, Elandskuil, Slanghoek, Skilpadkop, Volstruisfontein, Papagaaiberg, Uilkraal.

Dit is natuurlik om te verwag dat die land se plantegroei ook versmee is aan die bewussyn van die volksmens, in besonder van die landman. In die volksetimologie word daar dan ook 'n aantal plekname aangetref wat 'n duidelike inslag het van die kennis van die volk in verband met sy plantegroei. Hieronder geld die volgende plekname: Pampoenkraal; Amandelboom > Williston; Doringkop < Jameson-Invalassosiasie, Gannahoek, Tabaksberg (naby Winburg, O.V.S.), Suikerboskop, Suikerbosrand (< Proteaplant in hierdie omgewing), Taaibosspruit, Biesiesvlei, Bloemfontein (< blomme, of ene Jan Bloem, 'n berugte kwaaddoener in die wyk gedurende die vroeë geskiedenis van die Vrystaat).[1]

Opmerklik dui die meeste plekname op die wye, uitgestrekte aard van ons land. Die invloed van die landskap moet noodwendig 'n invloed hê op die volkskarakter. Hierdie sin van ruimte en gulheid is dan ook 'n karakteristiek wat beskryf word as die Afrikaner se gasvryheid. Die invloed van die landsaard is belangrik by die karaktervorming van die landman, die volksmens, wat op daardie bodem sy bestaan aan die natuur moet ontworstel.

In die volkstaal is daar 'n skat kennis opgesluit in die name wat die volksmens aan die plante en diere van sy omgewing gee. Hierdie hele gebied lê nog braak in ons volkskunde. Dit vereis en verdien tewens 'n aparte diepgaande studie. Gewoonlik word daar by taalstudie net aandag gewy aan „volksetimologie" in die enger sin. Maar 'n veel interessanter en breër belowende taak sal 'n studie wees van die naamgewing in verband met diere en plante in ons volkstaalkunde. Voor die bestaan van skriftelike bronne het die volkstaal alreeds weelderig getier. Dit vorm die basis van die kultuurtaal, nes die meeste volkskundige verskynsels 'n bakermat van die opperkultuur genoem kan word. In alle sfere van die werksaamheid van die menslike gees, het die volksmens alreeds sy aard en wese openbaar voordat die skeidslyn tussen 'n opperkultuurlaag en onderkultuurlaag duidelik geword het. In

1) Vgl. Botha, C. G., „Place Names in the Cape District", 1917. ook Pettman, C., „South African Place Names", 1931.

die volkskundige verskynsels is die wortels van alle kultuur vasgeanker

„Sommige plante en diere kom alleen in bepaalde streke voor; en as hulle nie om die een of ander rede algemeen bekend geword het nie, is ook hul name natuurlik slegs bekend in die gebiede waar hulle tuishoort.[1] Hierby moet oör die algemeen geld dat die plante in die Noorde hulle name heelwat later as dié in die Suide moes gekry het. Onder die oudste plantname in ons taal geld dié wat 'n Nederlandse inslag vertoon: wilde aspersie, wildelook, wildeknoflok, wilde mosterd, suring, klawersuring, wildesuring, uintjies, almal plante wat alreeds in Jan van Riebeeck se tyd bekend was.[2] Die volgende boomsoorte stam ook uit 'n Nederlandse benaming: wilgenhout, oliewenhout, wilde-olyf, wilde-amandel, wildekastaiing, wildevlier, boekenhout, esseboom, rooi-els, wit-els, wilde-peer;[3] hierdie name is ongetwyfeld van Nederlandse oorsprong weens hulle vroeë ontstaan, maar hulle kon nietemin tot die Afrikaanse naamkunde bygereken word. Ander ou name is nie so maklik om volgens oorsprong te ontleed nie. „Dis nie altyd moontlik om uit te maak of ons met die oordrag van 'n Nederlandse naam of met oorspronklike naamgewing in Afrikaans te doen het nie."[4] Onder sulkes skaar Scholtz die volgende: langstertjie, pylstert, geelhout; papkuil (Typha capensis) < pape(n)kul(len), d.w.s. „penis of testes van 'n geestelike".[5] In die naam sewejaartjie sien hy trekke en spore van oorerwings.[6] Tussen 1652 - 1715 het slegs drie Hottentotse name die taal binnegedring: boegoe, dagga, kanna.[7]

Ná 1715 tree plantname in die taal wat meer Afrikaans georiënteerd is: Hottentotsbrood ← 'n plant deur die Hottentotte gemaal, gebak en soos brood geëet; Hottentotsuintjie ← ook assosiasie met hierdie inboorlingstam; Hottentotsvy (x wildevy x Kaapse vy); Hottentotsblare, deur hulle as 'n wondmiddel aangewend; assegaaihout en pylhout, deur die Hottentotte gebruik om wapens mee te maak. Verder, „tot die oudste oorspronklike Afrikaanse name, afgesien van die reeds genoemde, hoort die wat in die verhaal van die ontdekkingstog van Simon van der Stel na die land van die Namakwas in 1685 vermeld staan, nl. bobbejaankers, renosterbos, doringboom, vaderlandsriet." (< herinnering aan 'n soortgelyke Nederlandse plant). Ander name in in hierdie kader van baie ou volksname vir inheemse plante is: spekboom, kreupelboom, dubbeltjie, lepelhout, slanghout, swartbasboom,

---

1) Scholtz, J. du P., „Uit die Geskiedenis van die Naamgewing aan Plante en Diere in Afrikaans", 1941, p. 3.

2) Ibid. p. 15.

3) Ibid., p. 15.

4) t.a.p., p. 16.

5) t.a.p., p. 19.

6) t.a.p., p. 20.

7) t.a.p., p. 29.

waboom (Protea grandiflora), smalblaar (Hartogia capensis). 'n Paar ou plantname het uitgesterf, o.a. krekelwortel, haarwortel, watervyg, wildenaelboom.[1]

Onder die bekendste plantname van inboorling-oorsprong skyn te wees: baroe, kamboral, kameroe; gatgooi < gatagay x tatgooi; gliewortel (Pluthea gumifera); kariewortel (Anacampseras); ghwarriebos; noem-noem; norra x norretjie x nokka; goree; kanna x gannabos; nentabossie (Cotyledon sp.); gagras.[2]

Latere oorgeërfde volksname (ongeveer 1715 - 1785) in Afrikaans is: sparrie, postelein, muskuskruid, nagskade, sampioen, seekraal, vrouehaar, katstert, sterretjie, kuikendief, naguiltjie. Van 'n twyfelagtiger afkoms is die volgende plantname: Aandblom (Hesperantha falcata), Aardroos (Hyobanche Sanguinea), kaneelboom, fluweelboom, papierblom, rooihoutboom, stertpeper > bospeper x wildepeper.[3]

Uit die periode 1715 - 1785 stam waarskynlik die volgende plantname wat 'n Hottentotse invloed verraai: kareehout, kamassie, dawee.[4]

Die volgende plantname dui op hulle eetbaarheid: Raapuintjie, wateruintjie, waterlelie, anyswortel, vinkelwortel, broodboom, Hottentotswaterlemoen, Boesmangras, Kafferkoring, Namakwaskoring, maerwortel, suikerbos.

Die medisinale eienskappe gee aanleiding tot 'n besondere geneeskundige kennis in verband met 'n plant: bitterwortel (Xysmalobium), brandblaar (Knowltonia vesicatoria), sieketroos, 'n verdowingsmiddel (Arctopus echinatus) < 'n ouer naam berguintjie.

Prakties is die aard van die Afrikaanse volksmens, soos bewys word uit die naamgewing in verband met di' nuttigheidsbegrip aan die volgende plante verbonde: besemriet, matjiesgoed (Cyperus textilis), vlieëbos (waarmee vlieë gevang word), tontelboom (Hermas gigantea), brandhoutboom, kraalbos (waarmee krale vir vee gemaak word), wolwegif (Toxicodendron capense), wat alleen op die Gifberge by Vanrhynsdorp groei, het sy naam te danke aan sy vrug, wat deur die boere gebruik is om wolwe te vergiftig; fluitjiesriet.

Ondervinding baar kennis. So ook word die volk se kennis deur ervaring verkry. 'n Aantal plantname in Afrikaans motiveer dit: gifboom (Acokanthera venenata), gifbol (Buphane disticha) x malgif, 'n naam wat ontstaan het weens hierdie plant se effek op diere; gifmelkbos x gifdoring; pisgras (Euphorbia erythrina) - osse kan nie urineer as hulle dit geëet het nie.

---

1) Ibid., p. 29 - 34.
2) Ibid., p. 47 - 48.
3) Ibid., p. 39 - 42.
4) Ibid., p. 48.

Natuurkennis en algemene waarneming is die beginsels waarop die skepping van die volgende plantname berus: Kraaibos (kraaie is versot op die bessies van hierdie plant), bobbejaantjies (bobbejane eet die bol van hierdie plant), ystervarkwortel (ystervarke het 'n swak vir die wortels van hierdie plant), jakkalsbos, kameeldoring (albei laasgenoemde name is geskep na aanleiding van die diere daarin genoemde voorliefde vir hierdie plante).

Op naïewe, of liewer op fantastiese wyse sien die volk 'n verband tussen twee verskillende begrippe in die volgende gevalle: bobbejaantou ('n liaan waarlangs bobbejane volgens algemene beskouing opklouter), slangbos (stoebe cinerea - „omdat slange graag daarin hou"), voëlent (naam „weens die mening dat pitjies wat voëls met hul mis op die takke van bome laat val, daar aan die groei gaan - vanwaar ook nou blykbaar verouderde naam voëlstront"), olifantsgras x olifantsvoet (naamgewing spruit uit die besondere grootte van hierdie plant).

Na die vorm en aard van die plant word assosiasies van verskynsels wat gelyksoortig is, by die volksmens opgewek: wag-'n-bietjie, weerhaakdoring, velskoen, noordpool ← noordse kuil, kafferskuil, papkuil, kersbos, kershout, kersboom, rosyntjiehout, perwortel, melkbos (← wit sap van die plant), spekbos (← plant se sappige, vlesige blare), brakvaal-soutbos, peperbossie (← skerp reuk van die plant se blare), jeukbol, nieshout, syblom, kapokbos, perdekapok.

'n Enkele plantnaam is Afrikaans is klanknabootsend: tjienkerientjee: „Die naam kom van die geluid wat gehoor word as die stengels van twee plante teen mekaar gevrywe word."

Soms is die kleur van sommige plante die vernaamste eienskap daarvan - vandaar sulke name soos: witboom (Leucodendron argenteum), rooipeer, swartysterhout, swarthout, ganaboom, witpeer, without, witbeshout, witysterhout, witgatboom, rooiblaar, vaalblaar, kalkoentjie (← plant se rooi blomme).

Dikwels word 'n alreeds-bekende naam aangewend om 'n ander naamkundige te kenmerk, wat 'n gelyksoortig aan 'n bekende een is; ooreenkoms en vergelyking speel op hierdie gebied 'n rol, en belig die aard van die volksmens se geestesvermoë. Die voorvoegsel wilde- word herhaaldelik aan 'n bekende naam geheg om 'n nuwe plant te beskryf; voorbeelde sien ons in: wildeals, wildegars, wilderog, wildekokommer, wildekarmonk (Fagara capensis), wilde katjiepiering (Gardenia Thunbergia), wilderoosmaryn (Eriocephalus umbellatus), wildedruiwe (Rhaiessus capensis), wildevyeboom (Ficus capensis), wildespiesang, wildegranaat, wildekoffie, wildetabak, wildekalbasboom, wildeklapperneut, wilderottang, wildepruim en „Moodie praat van die wilderabas, waarvan die blare medisinaal gebruik word, en gee die wetenskaplike naam van die plant aan as Gunnera perpensa. By Morloth is Gunnera perpensa egter die botaniese naam vir wilderamenas.[1]

1) Scholtz, p. 94.

'n Verskynsel wat ons telkens in die volksnaamgewing teëkom, is gebrek aan wetenskaplike onderskeiding. Sommige name wat dieselfde is, word aan plante wat verskillend is, gegee. Dit werk 'n groot mate van verwarring in die hand, en daarom is wetenskaplike katalogisering baie nodig. Verder is daar: wilde-appelkoos, wildemoerbei (Truneria alnifolia). Soms is die analogie skraal en tree verhaspeling van beide begrip en naam maklik in, sô in: wildedagga (Leonotus leonurus), wildekapok (Asclepias fruticosa), wildekeur x keurboom.

Ander name is etimologiese samestellings: moederhartslag (Disa spathulata), Oupapyp, hartslaggies (Lessertia pulchra), suikerkan (Gladiolus watsonius).

Verskeie plantname het in Afrikaans binnegedring vanweë aanraking met die inboorlinge: ghaap, bieton, naboom, massaniehout.[1]

Die meeste plantname wat sedert die begin van die 19de eeu ontstaan het, kan met gerustheid beskou word as suiwer Afrikaans van oorsprong. Hoe meer die volk in aanraking gekom het met die bodem, hoe beter het hy dit leer ken. Uit hierdie ervaring is sy kennis van die plante gebore, en hieruit het 'n groot gebied van Afrikaanse Volkstaalkunde tot stand gekom. Volgens Scholtz kon die plantname wat dateer uit die tydperk 1785 e.v. as eie-Afrikaans van aard geld.[2]

Hierdie name lewer bewys van 'n weeldrig-tierende taalskepping wat in Afrikaans, veral in die volkstaal, plaasvind. Die meeste verskynsels op hierdie gebied is spontane ontwikkelings wat vloei uit die volksmond en die volksgees, uit die ragwerk van die Afrikanerhart. Die Afrikaanse boer gryp in die wese van sy taal, en put daaruit woorde wat die begrippe van sy bewussyn vertolk. Verder sien ons in die volksetimologie hoedat die volksgees werksaam is op hierdie gebied van die volkswetenskap, in soverre dit die hoogtes aantoon van die vindingrykheid en die beskrywingskrag waartoe beide die taal en die volksmens in staat is. So openbaar hierdie onderdeel van die volksetimologie dan ook die volksiel.

Die kleur, geur, nut, wek by die volk assosiasies op in verband met vroeëre kennis en ondervinding, en so ontstaan name soos: boghout, kieriehout, harpuisbos (Passerina filiformis), kersbossie, wasbessieboom, top-aalwyn, tandpynbessie (heet ook: chronia baccifera, wat die aambeiebos, bitterbos en meidjie willemse aandui), slangwortel (in die volksgeneeskunde teen slangbyt aangewend), Boesmantee, bergtee, heuningtee, brandewynbos, (Grenlia flava), moerbossie (Anacompseros sp.), boesmanuintjie.

---

1) Vgl. Scholtz, p. 64 - 79.

2) Scholtz, p. 86 - 100.

Die vrugte van sommige veldplante is soms eetbaar. Gou leer die boer uit sy ondervinding watter plante hulle is, en hy neem moeite om hulle naamkundig te kenmerk. In hierdie kader geld onder andere name soos: Hottentotspruim, Kafferpruim, Kafferboontjieboom, basboerboontjieboom, elandsboontjie, skilpadbessie, duinbessie, kruisbessie, suurbessie, kafferkoffie, skaapdrolletjie, kafferwaterlemoen, bitterwaterlemoen, bitterappel, gifappel (Solanum sodomeum).

Ander plante word deur hulle besondere buitengewone vorm-eienskappe gekenmerk. Sulkes is o.a.: sambreelboom x platkroonboom; vingerpol (Euphorbia caput medusae), maermanmatjie, bostou x bobbejaantou; saliehout, vaderlandswilger, Hottentotkoppie, glasewaaiers, moederkappie, moedermussie, knoppiebossie.

Doringagtige plante kry hulle name vanweë hulle besondere eienskap: Olifantsdoring, witdoring, driedoring, jongdoring, platdoring, vlakdoring, hoenderspoor.

Verskeie plante is benoem na die vorm van hul takke: knoppiehout, aardboontjies, slangwortel, handewaswortel.

Vae etimologie word aangetref in die volgende plantname: sybos, botterboom, sytjie, fluweeltjie.

Algemeen kenmerkende eienskappe lê ten grondslag van die name deur die volk aan die volgende plante gegee: soetgras, soethoutbossie, stinkkruid, stinkgras, taaibos, hardepeer, hardematjiesgoed, sagtematjiesgoed, Boesmanseep.

Plante wat in bepaalde streke voorkom, word deur die volk verplaaslik deur die name wat aan sulke plante gegee word. Ons meld in hierdie verband: Karoodoring, Karoobossie, Kamdebaststinkhout, Outeniekwasgeelhout, Kafferboom, Abiekwasgeelhout, Tamboekiegras, fonteinbossie. Die meeste name verklaar hulle self, ander word onderskei deur begripsamestellings. Die volk is geneig om onder twee alreeds-bekende begrippe aanmekaar te volg om 'n nuwe aan te dui, as om 'n nuwe woord te skep.

Duidelik wys plantname soos nuwejaarsafrikaner en maartblom (Brunsvigea gigantea) op die betrokke plante se bloeityd.

Begripsassosiasie in verband met diere lê ten grondslag van name soos jakkalsbas en varkblaarblom.

By gevalle van volksnaamgewing is dit dus duidelik dat die volk se nugterheid oorweeg. Maar sy verbeeldingskrag en sy sin vir skoonheid is nie uitgesluit nie. Tipiese voorbeelde word in die volgende plantname aangetref: tolbos, kouterbos, goiingbos, biesroei, snyruigte, steentjieskweek, braakslaai, paddaslym (slyk), misbredie, misryblom, plakkie, viooltjie, gesiggie, broek-en-baadjie, handskoentjies, jakkalslewer, dubbeltjies (< duiweltjies = begrip „vuurwarm" - pyn

as plant se dorings 'n mens steek)[1].

Ons besit weinig varingname in Afrikaans. Onder die bekendstes geld adelaarsvaring en brandbossie. Ook besit ons min name vir die heidesoorte; 'n paar is rys-heide (wit kleur) en taai-heide.

Nuwe naamgewing bestaan in die volgende plantname: kakiebos, boetebos, skaamblom, kommetjieteewater, soekende-bossies, buig-my-nie, kanniedood, Hotnotstoontjie, tien-os-tou en kragman (wys op taaiheid van plant), jakkalsgang, eendjies, gansies, boekies, horlosies,

Vermoedelik van Hottentotse oorsprong is ajosie, [illegible]oena, boela, garra, ganna, kammie, keita, koenie, knietiekam, namtorrie, oukoe. Hottentots of Maleis-Portugees kan wees: pinatiebossie, skagoetie, kajangbos, langelier, lantanter, bessingbos, drolpeer.

Baie tipies-Afrikaans en getuigend van die jongste neiging in die volksnaamgewing op die gebied van die volksetimologie is plantname soos die volgende: Allerhandegedagtebos, paddakombers, pyn-in-die-sy-bos, oumeidsmuif, donsdoring;[2] sulke name lewer bewys van die feit dat daar 'n lewendige skepping op hierdie gebied van ons volkswysheid aan die gang is. Wat kan vir 'n taal gesonder en heilsamer wees as so 'n oorspronklike lewendigheid? As die volkstaal, die kern van die kultuurtaal, gesond voortlewe, moet laasgenoemde noodwendig die heilsame uitwerking daarvan ook ondervind.

In 'n aantal vergelykings is volkswysheid, hier enger kennis, in verband met die bodem se plantegroei, gemotiveer, soos bv.:

Geld soos bossies.[3]
Groot ore soos turksvyblare.[4]
Skurf soos 'n aalwynwortel.
'n Kop soos 'n voos pampoen.
Wit soos 'n lelie.
Rooi soos 'n roos.[5]
Vasklou soos klitsgras (Nedl.: Zij hanghen an 'kander as klissenkruid)[6].

Om saam te vat: ons tref besonder mooi, paslike, skilderagtige plantname in die Afrikaanse volkstaal aan. By die keuse van 'n naam laat die volk hom hoofsaaklik lei deur die uiterlike vorm van die gewas; soms trag die volk om die bekoorlike skoonheid van sommige plante deur karakteristieke, sinryke benaminge weer te gee; die bloeiwyse van die plant gee ook aanleiding tot die skepping van die naam

---

1) Schonken, p. 123 - 134.
2) Scholtz, p. 86 - 104.
3) Kok, p. 24.
4) Ibid. p. 45.
5) Ibid., p. 45.
6) ibid., p. 70.

in die volksnaamkunde; die blomvorm gee ook 'n naam aan die plant; verder gee die kleur van die plant of sy blom aanleiding tot 'n aantal benaminge; ook eienaardighede in verband met die vrug of die saad; of die bladvorm; ook kom die wortelgestel in aanmerking; en die habeitus en groeiplek; asook die geur en smaak van die plant; ook die volksgeloof en 'n brokkie beskouingsgeskiedenis, en ten slotte die geneeskragtige eienskappe van die plant.

„,Neerrukker' is 'n plant vol dorings; ,oorstokkies' is 'n taamlik algemeen bekende soort klipvaring waarvan die stengeltjies gebruik word om in die gaatjies te steek wat in 'n mens se ore gemaak word .... die ,gou-gou-appel' is baie giftig en beeste wat dit vreet, vrek sommer baie gou."[1] So is jongospol 'n taai soort plant, die vlooibossie het 'n skerp reuk en verdryf derhalwe vlooie, die hardekoolboom lewer uitstekende brandhout. Die „wandelende Jood" word vry algemeen aangetref in die meeste tuine, vandaar sy naam. Die „Oom-Paul-se-pyp" lyk na 'n pyp. Die „Armmansvruegde" kan in plaas van petersielie in sop gebruik word.

'n Aantal sterk plaaslik-gekleurde name word ook aangetref. In die Karoo is bekend: Nommoem, koerkam, kambro, kaboe, baroe, kabietjie, koeiriempie, haskos, ghaap. In Aughrabies is die volgende soorte blomme bekend: Weeskinders, Frans-se-lelie, swepies, aldagmooier, duifogie, stinkryk. In Ladysmith is bekend: Die-blosende-bruid, ewwa-trewwa, stinkkruidlelie, Vroukarelroos.[2]

BYLAE I

PLANT- EN NAAMKUNDE

(„Ons Suid-Afrikaanse Plantegroei" - R. H. Compton, M. A., Direkteur van die Nasionale Botaniese Tuin, Kirstenbosch, Kaapstad).

Kafferbrood (Cycadaceae)

Bloedwortel (Haemodoraceae)

Narsing (Amaryllidaceae)

Klossie (Iridaceae)

Brandnetel (Urticaceae)

Suikerbos (Proteaceae)

Voëlent (Loranthaceae)

Botterblom (Ronunculaceae)

Kool (Cruciferae)

---

1) „Die Brandwag", 26 Julie 1940.

2) „Die Brandwag", 26 Julie, 1940.

Ganna (Chenopodiaceae)

Snotblom (Droseraceae)

Klipblom (Crassulaceae)

Suring (Oxalidaceae)

Boegoe (Rutaceae)

Nieshout (Meliaceae)

Melkkruid (Polygalaceae)

Melkbos (Euphorbiaceae)

Taaibos (Anacardiaceae)

Saffraan (Celastraceae)

Kruidnie-roer-my-nie (Melianthaceae)

Katdoring (Rhamnaceae)

Wynstok, bobbejaantou, botterboom (Vitaceae)

Kiesieblaar, vuurblom (Hibiscus)

Katoen (Malvaceae)

Rooihout (Ochnaceae)

Geelwortel (Umbelliferae)

Heide (Ericaceae)

Saliehout, vlier, kafferlemoen (Logamaceae)

Maagdepalm, boesmansgif (Apocynaceae) - giftig.

Dorper-winde (Convulvulaceae)

Vergeet-my-nie (Boraginaceae)

Salie, wildedagga, kruisemint (Labiatae)

Aartappel (Solanaceae) - ook: Appeliefie van die Kaap

Stinkblaar (Datura)

Tabak (Miaturia)

Leeubekkie (Scropulariaceae)

Kaffer-kampferfoelie (Bignoniaceae)

Katjiepiering (Gardenia)

Pampoen, komkommers (Cucurbitaceae)

Klokkiesblom, madeliefie (Compositae)

Renosterbos (Elytopappus)

Slangbos (Stoebe)

Sewejaartjies, kruiskruid

Geelhout (Padocarpus)

Swart Ysterhout (Olea)

Stinkhout (Ocotea)

Assegaai (Curtisia)

Rooi Els (Amonia)

Harde Peer (Olinia)

Rooi Peer (Scolapia)

Bobbejaantou (Secomane)

Wag-'n-bietjie (Asparagus)

Steekbos (Cliffortia)

Witboom (Leucadendron)

Keurboom (Virgilia)

Keurtjie, pendoring, sybos (Gymnosporia)

Boesmanskers (Sarcocaulon)

Rooigras (Themeda triandra)

Bitterbos (Chrysocoma)

Karoobos (Pentzia)

Kiepersol (Cussonia)

Kafferlemoen (Strychnos)

Baobols (Adonsonia)

Koorsboom (Acacia xanthophloea)

Kareeboom (Rhuslancea)

Siekraal (Salicornia)

Wateruintjie (Aponogeton)

Rietfoelie (Typha)

Waterweeblaar (Alisina)

Rooi disa (Delniflora)

Kliprenoster (Helichrysum ericoides)

Renosterbos (Elytrapappus)

Kloos Louwbos

BYELAE II - P l a n t n a m e .

(„Dictionary of the Common Names of Plants" - R. Marloth, Kaapstad.
Specialty Press of South Africa, Bpk., 1917).

Trompetter (specie van die aandblom (Hesperantha))

Author Hudson Charles William
Name of thesis Die Afrikaanse Volkswetenskap. 1943

PUBLISHER:
University of the Witwatersrand, Johannesburg
©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.